PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## SUPERRUGBY 2017 WEEK 12

**Blues vs Cheetahs**
Die Vrystaters het nog nooit van toer gehou nie en dit kon duidelik gesien word in hulle game teen die Blues in Auckland. Ongelukkig het hierdie houding en ook hul halfhartige verdediging weereens die Blues in staat gestel om 50-32 te wen.
Die Vrystaters is reeds een van die spanne op die swartlys ou grote. Waar is die passie en kamera-derie? Die Cheetahs se nagmerrie duur voort en hulle moet volgende teen die Hurricanes in Wellington uitdraf. Die Blues reis Kaapstad toe om teen die Stormers op Nuweland te speel.

**Brumbies vs Leeus**
In Canberra slaag die Jo'burgers daarin om die Brumbies 13-6 te klop en sodoende hul toer doeronder onoorwonne af te sluit ou grote. Kwagga Smith, gewese Blitsbok, het 'n puik drie gedruk en getoon dat hy een van die vinnigste losvoorspelers in die superreeks is. Die Leeus speel volgende op Ellispark in die groot Jukskei derby teen die Bulle. Die Brum-bies reis PE toe om teen die Kings uit te draf.

**Crusaders vs Hurricanes**
Die armdruk tussen die twee grotes in vanjaar se reeks is toe deur die Saders 20-12 in Christchurch gewen ou grote. Die Saders het voorlangs soveel druk op die Canes geplaas en sodoende die angel getrek uit die giftige Canes agterlyn. Die Saders is nou nog steeds onoorwonne na elf games. Die Canes speel volgende teen die Cheetahs in Wellington met die Saders wat in Suva, Fidji teen die Chiefs gaan uitdraf.

**Rebels vs Reds**
Die Reds slaag daarin om die Rebels in Melbourne 29-24 te klop en ook 'n bonuspunt te verdien.
Die Reds het volgende 'n loslootjie met die Rebels wat in 'n Aussie derby teen die Waratahs in Sydney gaan uitdraf.

**Bulle vs Highlanders**
Op Fort Loftus voor 'n handjievol toeskouers en in nat toestande verloor die Bulle weer 17-10 teen die Highlanders. Die enigste troos wat uit hierdie verloor geneem kan word is die feit dat die Bulle beter gespeel het ou grote. Daar is egter tonne werk wat voorlê om hierdie eens magtige span weer saam met die groot honde te laat blaf. Die Bulle speel volgende teen die Leeus in Jo'burg en dit kan dalk in 'n straatgeveg ontaard. Die Highlanders draf in Perth uit teen die Force.

**Kings vs Haaie**
En die dag van opskuddings was hierdie keer in die Baai ou grote. In 'n verwoede geveg slaag die Kings daarin om vir die eerste keer 'n SA span te klop en die Haaie moes dit ontgeld. Die manne van die Baai wen welver-diend 35-32. Die Haaie het gedink hierdie game gaan 'n *walk-over* wees en het hulle kanse erg geknou om die uitspeel rondes te haal. Die Haaie reis na Singapoer om teen die Sunwolves te gaan speel en die Kings draf tuis teen die Brumbies uit.

**Jaguares vs Force**
Die Jaguares verloor verrassend 16-6 teen die Force in Buenos Aires. Die Force is ook een van die spanne op die swartlys. Die Jaguares het volgende 'n loslootjie met die Force wat in Perth teen die Highlanders moet opdaag.

**Nag ou grote…**

## BLITSBOKKE BO!

Die Blitsbokke is die nuwe Sewes Wêreld Kampioene ou groenie! Coach Neil Powell se span wen die Franse titel en verower daarmee die gesogte Beker vir 2016/17.
Powell het ook sy naam in die geskiedenisboeke laat aanteken. Hy is die eerste in die geskiedenis van Sewes Ruggas wat as spe-ler aan die toernooi deelgeneem het en het dan ook 'n coach geword wat die titel wen. Hy was in 2008/09 lid van die span wat die Titel toe verower het.

**Well done Blitse!**






## Trauma Rescue Contacts & Info

Patients and/or bystanders to accident scenes or emergency situations often find themselves in a position to contact private ambulance services, but do not have the contacts to do so.
In delaying getting hold of an ambulance may negatively affect the patient(s) and might even deteriorate to a life-threatening stage. The 'golden hour' is of critical importance.
Trauma Rescue is the solution. Save their emergency number on your cell phone: 0861 789 911. The control room operator will assist and dispatch an ambulance to the scene and attend to the emergency. Trauma Rescue's control room is situated in Rustenburg at 175 Thabo Mbeki Drive.
Trauma Rescue offers ambulance- and emergency services at your call, sporting events, fun events, bazaars, team building events etc. They also present first aid classes to the public and corporate companies (on request).
Discount for pensioners and private patients can be arranged.

**Trauma Rescue:**
**0861 789 911 / 082 499 2869 / 079 496 3547**